BIANCA FLANDERS

# PAMPOENPIT Kry 'n Beat



Zinelda McDonald





## VOORDAT JY DIÉ BOEK LEES ...

Luister, liewe leser,
voordat jy omblaai,
dié storie kort jóú ritme
en jóú stem om te lawaai.



Wanneer jy GROOT LETTERS sien,
is dit tyd om saam te speel.
Skree die woorde HARD UIT –
dit is die eerste reël.

En wanneer jy klein woordjies sien,
fluister dit dan sag,
sagter as die briesie
op 'n warm somersdag.

Pampoenpit is amper wakker.
Sy wag nog net vir jou.
So, sit jou vingers bymekaar
en KLAP die ritme nou.